Groete aan Mannetjies in Nederland

Van Theunis Engelbrecht

JOHANNESBURG. – Daar is groot geesdrif in Nederland vir Laurika Rauch se jongste langspeler, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*. Snitte van die plaat word gereeld oor die Nederlandse radio gespeel.

Dit het alles begin toe 'n groepie Nederlanders Suid-Afrika vroeër vanjaar besoek het. Een van hulle het die laserplaat-weergawe van Rauch se *Stuur groete aan Mannetjies Roux* – waarop ook snitte van haar vorige langspeler, *Encore! Laurika*, ingesluit is – present gekry.

In Nederland het hy dit aan omroepers by 'n radiostasie gespeel. Hy het nie verwag hulle sou daarvan hou nie, aangesien daar steeds 'n sterk anti-Suid-Afrikaanse gevoel in Nederland is.

Die Nederlanders het egter van die plaat gehou en die man gevra of hulle sy laserplaat kan leen. Sommer die volgende dag nog is een van die snitte daarop, *Kyk hoe glinster die maan*, gespeel. Die uitsaaikorporasie is trouens só geesdriftig oor die plaat dat hulle dadelik nog laserplate uit Suid-Afrika bestel het.

Dis nie die eerste keer dat Laurika buitelanders uitboul met haar sang nie. In Desember 1985 het sy en haar begeleier, Wessel van Wyk, 'n reeks suksesvolle optredes voor genooide gehore in Brussel en Gent in België gegee.

Ook dié optrede destyds was aan 'n Suid-Afrikaanse vakansie te danke. Die Belgiese radio- en TV-aanbieder Jos Ghijsen het ten tyde van 'n vakansie in Suid-Afrika Laurika se musiek gehoor en só baie daarvan gehou dat hy haar plate op sy laataand-radioprogramme in België begin speel het.

Laurika se vorige langspeler, *Encore! Laurika*, het vroeër vanjaar goue status behaal. *Stuur groete aan Mannetjies Roux* is tans ook een van die voorste verkopers onder onlangse Afrikaanse uitreikings. Die laserplaat-weergawe daarvan verkoop ook besonder goed.